**Gr. 5** Totaal: 95

Tyd: 1,5 uur

# Toets: Kwartaal 3, 2022 – Memorandum

## Vraag 1

1.1 Voltooi die volgende hoofrekeninge: (16)

| | | |
|---|---|---|
| 1.1.1 | $30 - 15 \times 2 =$ | $= 30 - 30$√<br>$= 0$√ |
| 1.1.2 | $8 + 0 - 2 =$ | $= 6$√ |
| 1.1.3 | $10 \times 0 + 3 =$ | $= 0$√$+3$<br>$= 3$√ |
| 1.1.4 | $100 \div (25 \times 4) =$ | $= 100 \div 100$√<br>$= 1$√ |
| 1.1.5 | $90 \div 2 + 5 =$ | $= 45$√$+5$<br>$= 50$√ |
| 1.1.6 | $81 \div 9 \times 1 =$ | $= 9$√$\times 1$<br>$= 9$√ |
| 1.1.7 | $5 \times 4 + (22 - 2) =$ | $= 20$√$+20$√<br>$= 40$√ |
| 1.1.8 | $88 \div 11 + 11 =$ | $= 8$√$+11$<br>$= 19$√ |

1.2 Skryf die eerste 5 veelvoude van 12 neer: (1)

12; 24; 36; 48; 60√

1.3 Skryf al die faktore van 99 neer: (1)

1; 3; 9; 11; 33; 99√

1.4 Bepaal die produk van die **donkergedrukte** waardes in die volgende twee getalle:

34 **2**78 en 65 4**8**2 (2)

$= 200 \times 80$√

$= 16\ 000$√

1.5 Rond elkeen van die volgende getalle af soos in die tabel beskryf: $elke\ punt = \frac{1}{2}$ (10)

| | Getal | Rond af tot die naaste 5 | Rond af tot die naaste 10 | Rond af tot die naaste 100 | Rond af tot die naaste 1 000 |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.5.1 | 651 243 | 651 245√ | 651 240√ | 651 200√ | 651 000√ |
| 1.5.2 | 775 214 | 775 215√ | 775 210√ | 775 200√ | 775 000√ |
| 1.5.3 | 879 369 | 879 370√ | 879 370√ | 879 400√ | 879 000√ |
| 1.5.4 | 356 527 | 356 530√ | 356 530√ | 356 500√ | 357 000√ |
| 1.5.5 | 888 712 | 888 710√ | 888 710√ | 888 700√ | 889 000√ |

**[30]**

## Vraag 2

2.1 Bereken volledig met behulp van die vertikale-kolom-metode:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | $33\,201 + 54\,219 =$ | $33\,201$<br>$+\ 54\,219$<br>$=\ 87\,420$√ | (1) |
| 2.1.2 | $89\,873 - 54\,234 =$ | $89\,873$<br>$-\ 54\,234$<br>$=\ 35\,639$√ | (1) |
| 2.1.3 | $23\,124 + 34\,523 - 11\,212 =$ | $23\,124$<br>$+\ 34\,523$<br>$=\ 57\,647$√<br><br>$57\,647$<br>$-\ 11\,212$<br>$=\ 46\,435$√ | (2) |
| 2.1.4 | $57\,245 - 14\,000 + 14\,136 =$ | $57\,245$<br>$-14\,000$<br>$=\ 43\,245$√<br><br>$43\,245$<br>$+\ 14\,136$<br>$=\ 57\,381$√ | (2) |

2.2 Voltooi die berekeninge met breuke:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.2.1 | $\frac{1}{9} + \frac{3}{9} - \frac{2}{9} =$ | $= \frac{1+3-2}{9}$<br>$= \frac{2}{9}$√ | (1) |
| 2.2.2 | $2\frac{1}{2} - 1\frac{3}{6} + \frac{4}{8} =$ | $= (2-1) + (\frac{1}{2} - \frac{1}{2}$√$+ \frac{1}{2}$√$)$<br>$= 1$√$\frac{1}{2}$√ | (4) |
| 2.2.3 | $7\frac{3}{4} - \frac{4}{4} + \frac{2}{4} =$ | $= 7\frac{3}{4} - 1$√$+ \frac{2}{4}$<br>$= (7-1) + \frac{3+2}{4}$<br>$= 6$√$+1\frac{1}{4}$√<br>$= 7\frac{1}{4}$√ | (4) |

2.3 Skat die produk van die volgende heelgetalle deur **die eerste getal tot die naaste 100** en die **tweede getal tot die naaste 10** af te rond.

| | | |
|---|---|---|
| 2.3.1 | $234 \times 38 =$ | $\approx 200\surd \times 40\surd$<br>$\approx 8\ 000\surd$<br>(3) |
| 2.3.2 | $897 \times 45 =$ | $\approx 900\surd \times 50\surd$<br>$\approx 45\ 000\surd$<br>(3) |

2.4 Bereken die volgende produkte deur van enige metode gebruik te maak:

| | | |
|---|---|---|
| 2.4.1 | $234 \times 38 =$ | $234$<br>$\times\ \ 38$<br>$1\ 872\surd$<br>$+\ 7\ 020\surd$<br>$=\ 8\ 892\surd$<br>(3) |
| 2.4.2 | $897 \times 45 =$ | $897$<br>$\times\ \ 45$<br>$4\ 485\surd$<br>$+\ 35\ 880\surd$<br>$=\ 40\ 365\surd$<br>(3) |

**[27]**

## Vraag 3

3.1 Voltooi elkeen van die volgende getalpatrone:

3.1.1 $8; 16\surd; 32; 64\surd; 128$ (2)


3.1.2 99; 97; 95; 93√; 91√ (2)

3.1.3 87√; 109√; 131; 153; 175 (2)

3.1.4 4; 16; 64√; 256√; 1024 (2)

3.1.5 1; 6; 13; 22√; 33√ (2)

3.2 Voltooi die volgende vloeidiagram: (4)




3.3 Vind die ontbrekende bewerking in die vloeidiagram: (1)

| Inset | | Bewerking 1 | | Bewerking 2 | | Uitset |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 | → | $\times 3$ | → | $-5$√ | → | 13 |
| 12 | | | | | | 31 |
| 20 | | | | | | 55 |

**[15]**

## Vraag 4

4.1 Beskou die volgende lesings op die termometers (gemerk A tot D) en beantwoord die vrae wat volg.




4.1.1 Skryf die temperature (in °C) van elke termometer neer: (4)

| |
|---|
| A= 13°C√ |
| B= 27°C√ |
| C= 20°C√ |
| D= 39°C√ |

4.1.2 Indien die vier temperature geneem is in vier verskillende seisoene van die jaar, watter seisoen word voorgestel deur watter termometer? (4)

| |
|---|
| A = Winter√ |
| B = Lente√ |
| C = Herfs√ |
| D = Somer√ |

**[8]**

## Vraag 5

5.1 Lisa vind die volgende pannekoekresep op die webtuiste www.watertandreseptevirouden jonk.com:

**BAIE MAKLIKE FLOPVRYE PANNEKOEK:**
**2 Koppies bruismeel**
**4 Eiers**
**1/2 Koppie olie**
**2 Koppies water (ongeveer; dit hang af van hoe dik jy die deeg wil hê)**
**1/4 Teelepel sout**
**METODE:**
**Meng die bestanddele goed saam tot gladde loperige beslag.**
**Olie jou pan en verhit (gooi oortollige olie af wanneer warm).**




**Gooi dun straaltjie terwyl jy die pan beweeg vir die beslag om die pan vol te loop (nie dik nie).**
**Wanneer dit "borrels" aan die bokant maak en loskom aan die kant, draai dit om en bak die ander kant.**
**Sit in bord wat met kaneelsuiker gestrooi is. Smeer klein bietjie botter en gooi kaneelsuiker oor die pannekoek.**
**Rol op.**
**Bedien warm.**
**Bron: Eie resep**
**Plasing: Henriette Wessels / WATERTAND RESEPTE VIR OUD EN JONK**

5.1.1 Die bestanddele hier bo maak 20 pannekoeke. Lisa wil graag 40 mense bedien met 'n pannekoek elk. Hoeveel van elke bestanddeel gaan sy nou benodig? (5)

| | |
|---|---|
| **Bruismeel** | 4 Koppies√ |
| **Eiers** | 8 Eiers√ |
| **Olie** | 1 Koppie√ |
| **Water** | 4 Koppies√ |
| **Sout** | $\frac{1}{2}$ Koppie√ |

5.1.2 Lisa wil graag haar afmetings van die bestanddele in $gram$ hê. Indien **1 koppie** $= \mathbf{128\ g}$**,** help haar om die bestanddele wat sy benodig, vir 40 pannekoeke, om te skakel na gram. (4)

| | |
|---|---|
| **Bruismeel** | 512 $g$√ |
| **Eiers** | 8 Eiers |
| **Olie** | 128 $g$√ |
| **Water** | 512 $g$√ |
| **Sout** | 64$g$√ |

5.1.3 Lisa het 1 $kg$ Bruismeel gekoop. Hoeveel bruismeel sal sy oor hê nadat sy 40 pannekoeke gemaak het? (2)

| |
|---|
| $= 1\ 000$√$-512$ |
| $= 488\ g$√ |

5.1.4 Indien Lisa 32 eiers in die kas het, watter breukdeel van die eiers het sy gebruik? (1)

| |
|---|
| $\frac{8}{32} = \frac{1}{4}$ √ |

**[12]**

## Vraag 6

6.1 Die inligting hier onder toon hoeveel geld deur die graad 5's tydens 2021 ingesamel is vir ouetehuise in die omgewing.


| Maand | Bedrag (R) | Maand | Bedrag (R) |
|---|---|---|---|
| Januarie | R200 | Julie | R90 |
| Februarie | R120 | Augustus | R200 |
| Maart | R80 | September | R150 |
| April | R40 | Oktober | R80 |
| Mei | R150 | November | R160 |
| Junie | R140 | Desember | R150 |

6.1.1 Teken 'n staafgrafiek van hierdie inligting met gepaste opskrifte. (3)

√ *Hoofopskrif*

√ *Opskrifte op die asse*

√ *Alle stawe reg afgemeet.*




**[3]**

**Totaal: [95]**